HEART OF GOLD COMPETITION

VENUE: PLATINUM SQUARE
DATE: 30 SEPTEMBER 2017
TIME: 11h00
DRESS CODE: CASUAL DENIM WEAR
CONTACT: MAROCHELLE 083 260 3083
EMAIL: marochellesmit47@gmail.com / charliecombrink88@gmail.com

Sonskynkind

met 'n seldsame siekte

Rustenburg – Mihla Engelbrecht is 'n baie spesiale klein mensie wat op 22 Julie met 'n baie seldsame soort breinkanker gediagnoseer is. Sy is tans 3 jaar oud, maar word op 14 November vanjaar 4.

Sy is sonnig en vol energie. Sy is 'n regte babbelbekkie en baie lief vir haar maatjies en mense, en sy is haar mamma en pappa, Shani en Rudo Engelbrecht, se enigste kind.

Mihla is gediagnoseer met Serebrale Neuroblastoom (*Cerebral Neuroblastoma*). Sy het nog nooit enige simptome gehad nie, al haar mylpale behaal en was gesond. Sy het net een dag gekla dat haar koppie seer is en opgegooi. Haar ouers het haar na hulle huisdokter toe geneem, wat haar vir veiligheid opgeneem het in die hospitaal op 3 Julie.

Hulle het dieselfde aand 'n CT *scan* gedoen en 'n groot massa op haar brein gekry, sy moes die volgende dag, op 4 Julie, op haar mamma se verjaarsdag breinchirurgie ondergaan. Sy het weer 13 Julie chirurgie ondergaan om haar wond op haar koppie toe te maak.

"Ons het op 22 Julie uitgevind dat haar gewas kwaadaardig is. 'n Serebrale Neuroblastoom, 'n ongelooflike skaars breingewas is bevestig. So skaars dat net 1 uit 'n miljoen kinders dit sal kry en dat die pediatriese onkoloë eerlik sê hul het dit nog nooit gesien nie. Sy is daarmee gebore. Dit is vir ons 'n baie groot skok," sê mamma Shani.

"Die woord kanker het vir ons gesin van drie 'n nuwe wêreld laat oopgaan. Mihla kry nou chemo-terapie omdat sy te klein is vir radiasie. Die primêre behandeling is eintlik volbrein en vol spinale radiasie, maar omdat dit soveel newe-effekte het, doen ons nou eers voorkomende *chemo*. Haar *chemo* protokol is rof, en sal tot ongeveer einde 2018 duur. In die tussentyd val dit haar immuunstelseltjie aan en mag sy nie skool toe of na partytjies toe gaan nie. Sy is by Unitas hospitaal onder 'n puik span pediatriese onkoloë. Ons wil haar vir die radiasie na die *chemo* Amerika toe neem omdat hulle beter tegnologie in terme van radiasie het, wat minder skade aan Mihla se brein sal doen," voeg Shani by.

Mihla woon tans in Rustenburg. Die Rustenburg gemeenskap is vol medelye vir die Engelbrecht gesin. "Die ondersteuning wat ons ontvang is ongelooflik. Van haar fantastiese skool Platinum Sterre wat 'n partytjie spesiaal vir haar gehou het tot Pienkvoet Pret wat finansieel bydra tot haar behandeling. Haar klasmaatjies se families vir ongelooflike liefde en steun. Vriende en familie en die hele gemeenskap wat ons nederig op ons knieë laat dankie sê vir al die gebede en liefde. Haar ekstra klassies soos Audiblox wat die terapeute gratis na ons huis toe stuur. Ek sou nooit kon dink dat mense so uit hul pad sal gaan om jou pad gelyk te maak nie," sê Shani.

Hierdie dapper dogtertjie het sedert haar diagnose op 22 Julie al 'n hele paar rondtes *chemo* ontvang. Die *chemo* maak haar siek en moeg en haar haartjies het alles uitgeval, wat 'n groot seer is vir 'n dogtertjie-hart. Gelukkig het haar Mamma en Pappa ook hulle hare geskeer en lyk die drietjies ewe dapper.

Daar is vir Mihla 'n Nedbank 4 Me rekening oopgemaak, met die doel om nou al te begin spaar/ fondse bymekaar te kry vir haar radiasie en terapie. Dit is ongelooflik duur in dollars, maar die gesin weet dit is iets wat hulle MOET doen.

Indien u finansieel kan bydra, kan geld in die volgende rekening gedeponeer word:

- **Mihla Engelbrecht**
- **1151747831**
- **10841000**
- **Nedbank4Me Current Account**

Die gemeenskap loods ook nou verskeie fondsinsamelingsprojekte om vir klein Mihla te help gesond maak. Vir meer navrae epos shanipelser@gmail.com en volg haar facebookblad vir nuus oor die behandeling en hoe dit met haar gaan en gebedsversoeke https://www.facebook.com/mihlamensie/.

Sms "Loan" to 37190

SEVCO

Do you need a LOAN?

What we need from you:
* ID Document
* 3 months bank statement
* Latest payslip

37 Berg Street
Rustenburg
Opposite Ultra Liquor
014 592 2228

T&C's Apply-Sevco Finance is a registered credit provider. NCRCP 6715

AUTO CITY SPARES & BODY PARTS

FERODO THE FIRST NAME IN BRAKES · Gabriel · MONROE SHOCK ABSORBERS · Safeline BRAKE PADS · BOUGI CORD · LUK

Stripping For Spares

Ridwaan: 083 765 4042 | Dees: 072 870 1098 | Rashaad: 072 053 7863 | Tel: 014 592 3745 | 014 592 3498 | 72 Kerk Street, Rustenburg, 0300

Chevrolet · Audi · Volkswagen · Alfa Romeo · Opel · Nissan · Toyota · BAW

SUDOKU

9						1	7	8
		5		9		6		
2			8		7			
5		7				3		
	4		9		3		1	
		1				8		4
			2		1			3
		9		4		7		
1	7	2						6

8			7					1
	2		9	6				
	6	5		1		4		
	1		8			2		
9			5		6			7
		4			3		9	
		7		9		8	5	
				3	7		6	
4					5			3

Weather Report North West
Rustenburg

Friday	22	September	2017	33°C - 17°C
Saturday	23	September	2017	34°C - 14°C
Sunday	24	September	2017	31°C - 14°C
Monday	25	September	2017	32°C - 17°C
Tuesday	26	September	2017	33°C - 18°C

At time of print

FINANCIAL INDICATORS

Crude Oil	[OIL]	R	735.49
Gold Ounces	[XAU]	R	17 470.62
Platinum Ounces	[XPT]	R	12 732.23
Palladium Ounces	[XPD]	R	12 197.17
United States Dollar	[USD]	R	13.30
British Pound	[GBP]	R	17.98
Euro	[EUR]	R	15.96
Chinese Yen	[CNY]	R	2.03
Namibian Dollar	[NAD]	R	1.00
Lesotho Loti	[LSL]	R	1.00

At time of print

Platinum Weekly: (Platinum Publishers (Pty) Ltd t/a) disclaims all liability for any loss, damage, injury or expense, however caused, arising from the use of or reliance upon, in any matter, the information provided through this publication and does not warrant the truth, accuracy or completeness of the information provided. **Notice is hereby given** that the Platinum Weekly title and logo design was aquired by Platinum Publishers (Pty) Ltd from Platina Weekblad cc. We herewith indemnify ourselves from any related claims.
Contact us per email with any queries. ads@platinumweekly.co.za